



NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2018

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2 uur

100 punte

---

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

---

**AFDELING A            LEESBEGRIP**

**VRAAG 1                BLOGARTIKEL**

- 1.1    1.1.1 C
- 1.1.2 B
- 1.2    "In ernstige gevalle"
- 1.3    Stuur die foto/video in 'n boodskap/sms/WhatsApp aan 'n vriend.
- 1.4    Gee die onderwysers meer werk/vermeerder hulle werkslading/werkslading neem toe.
- 1.5    "... kry die leerders die geleentheid om 'n sekere plek te 'google'"  
**OF**  
"toe sy foon uitgehaal en sy onderwerp begin navors"  
NB: Die kandidaat moet slegs 'n frase aanhaal NIE 'n volsin NIE
- 1.6    Hy het nie genoeg inligting gehad nie.  
**OF**  
Hy het nie geweet hoe om inligting te versamel nie.
- 1.7    1.7.1 Onwaar
- 1.7.2 "Natuurlik was daar 'n kansvatter hier en daar ..."
- 1.8    Iemand wat nie van skoolwerk hou nie/iemand vir wie skoolwerk nie belangrik is nie.

**VRAAG 2                INFOGRAFIEK**

- 2.1    Agterkant het harde materiaal  
         Breë bande
- 2.2    2.2.1 Te lank
- 2.2.2 Trek kind se rug agtertoe/agteroor.
- 2.3    Die tas is te swaar.
- 2.4    'simmetries'
- 2.5    Dit plaas die gewig op die heupe en nie die rug nie/dit help die rug.
- 2.6    A
- 2.7    Sy is 'n fisioterapeut/sy het dus kennis van wat goed/sleg vir jou rug is.
- 2.8    Aan die begin van die jaar/In Januarie/  
         Wanneer die 'terug skool toe' advertensies uitkom.

### **VRAAG 3                    VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT**

- 3.1    3.1.1 rok/rokkie  
       3.1.2 langbroek/hemp/t-hemp
- 3.2    Die seun lê op die bank/hy beweeg nie./Hy kyk na iets op die skerm.  
       Die gesin dans/beweeg rond.
- Enige twee van die moontlikhede -1 punt vir seun se aksie en 1 punt vir  
       gesin se aksies.  
       (Fokus is op: aksies nie emosies nie)
- 3.3    Hulle arms is in die lug/daar is bewegingstrepe by hulle lywe/hulle voete is  
       in die lug.
- 3.4    Die hond staan op sy (agter)pote, trek sy (voor)pote op, ore wat  
       beweeg/flap.
- 3.5    3.5.1 Hulle is verlig/hulle het nie gedink hy gaan dit maak nie/hulle hoef nie  
       meer oor hom bekommerd te wees nie/hulle is bly hy is deur/hy is  
       klaar met skool.
- 3.5.2 Hy dink hy is te 'koel'/hy dink nie dat dit 'n belangrike mylpaal/  
       prestasie is nie/hy het nie so goed gedoen as wat hy verwag het nie/  
       hy is meer geïnteresseerd in waarna hy op skerm kyk.
- 3.6    Ongeïnteresseerd/verveeld/tevrede

**AFDELING B OPSOMMING**

**VRAAG 4 KLASGESPREK OOR TOEKOMSPLANNE**

1. Jessica gaan 'n jaar by die Kruger Wildtuin werk om te sien wat 'n wildbewaarder doen.

OF

Jessica gaan met diere werk, want sy hou van diere.

OF

Jessica gaan met diere werk, want sy wou nog altyd met diere werk.

OF

Jessica gaan praktiese opleiding in die Kruger Wildtuin kry, want sy is mal oor diere. Enige van die moontlikhede

2. Simphiwe gaan Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe studeer, want sy is goed met syfers.

OF

Simphiwe gaan met syfers werk, want mense dreineer haar.

OF

Simphiwe gaan met syfers werk, want sy wil nie met mense werk nie. Enige van die moontlikhede

3. Jerome gaan volgende jaar afvat en deelydse werk doen om te sien waarvan hy hou.

OF

Jerome gaan deelydse werk, want hy wil nie sy ouers se geld op universiteit mors nie.

OF

Jerome gaan eers uitvind waarin hy belangstel, want hy weet nog nie.

OF

Jerome gaan die jaar afvat, want hy gaan nie studeer slegs omdat dit die verwagting is nie. Enige van die moontlikhede

4. Lebo gaan onderwys studeer, want sy wil met kinders werk.

OF

Lebo wil onderwys studeer, want sy weet dit al van kleins af. Enige van die moontlikhede

5. Aaliyah gaan medies studeer/wil 'n dokter word, want sy wil aan die gemeenskap teruggee.

OF

Aaliyah gaan medies studeer, want dit was nog altyd haar droom. Enige van die moontlikhede

**AFDELING C POËSIE**

**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

- 5.1 Ek-spreker/eerstepersoonspreker
- 5.2 'Toe'
- 5.3 B neologisme
- 5.4 Hulle halveer die vrug/hulle sny/breek die vrug in die helfte/hulle gee vir mekaar van hulle vrugte/spandeer aangename tye saam.
- 5.5 Dit dui daarop dat daar 'n uitbreiding op die idee volg. Meer inligting volg oor hulle drome as hulle nuwe plekke op die kassie/televisie sien.
- 5.6 Alliterasie
- 5.7 Dit dui op die oneindige moontlikhede wat die internet inhou/of die gevoel van opwinding wat hulle amper duiselig maak – oor al die moontlikhede van die internet.
- 5.8 5.8.1 Wye vlakte
- 5.8.2 ruim erf
- 5.9 Dit beklemtoon die feit dat die spreker se leefwêreld soveel kleiner geword het – al is sy/haar ervaringsveld so groot a.g.v. die internet.

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG**

- 6.1 Haar kindertyd is verby/sy glo nie meer in die dinge van 'n kind nie/sy is nie meer idealisties nie, maar meer realisties.
- 6.2 Sy glo nie meer in kersvader nie/✓ sy glo nie meer in die tandemuis nie/paddaprinse.
- 6.3 'melkskommel' en 'melkweg'
- 6.4 Dit bou spanning/dis die klimaks van die gedig/dit dui daarop dat die spreker net glo in goed wat jy kan bewys/wys hoe belaglik haar kinderfantasieë was.
- 6.5 'maar'
- 6.6 Dit suggereer dat die spreker altyd haar lig aanhou/sy het nog nooit in die donker geslaap nie/sy is as kind en volwassene bang vir die donker/uitdagings/sy het haar vrese saamgedra uit haar kinderjare tot in volwassenheid.

- 6.7 Die grootwordproses is ontnugterend/  
Die lewe is nie 'n sprokie nie/  
Selfs grootmense het vrese en vrae
- 6.8 Toe die spreker klein was, het sy in sprokies geglo, maar soos sy ouer  
geword het – en meer kennis en ervaring opgedoen het – is daar sekere  
dinge waarin sy nie meer glo nie. Haar vrese/onsekerhede het egter  
behoue gebly.
- 6.9 Reëls 2 en 4/reëls 6 en 8/reëls 13 en 14

**VRAAG 7                    ONVOORBEREIDE GEDIG**

- 7.1    verwytskooor/goor/kibbel
- 7.2    Met die gebruik van die woord: luister/julle✓
- 7.3    personifikasie
- 7.4    gebroke rym
- 7.5    verlede en hede
- 7.6    'veel vloeke'
- 7.7    3
- 7.8    Die huisbewoners/die mense in die huis/die mense wat verhoudings-  
         probleme het.
- 7.9    Die verhoudings tussen die mense in die huis het hulp nodig.

## **AFDELING D            TAALVAARDIGHEID**

### **VRAAG 8                SINSTRUKTURE**

- 8.1    Volgende keer sal hy 'n lang lys van moontlike universiteite hê.
- 8.2    Nee, ek het nog nie op 'n universiteit vir volgende jaar besluit nie.
- 8.3    Vroeër het die seun 'n lang lys van universiteite opgestel.
- 8.4    Die pa sê: "Jy het 'n interessante keuse gemaak."
- 8.5    Die seun hoef nie die keuse op sy eie te maak nie.
- 8.6    Die ouers het die seun entoesiasies aangemoedig om hoog te mik.
- 8.7    Nadat hy 'n lys van universiteite opgestel het, doen hy aansoek/het hy aansoek gedoen.
- 8.8    Die ouers motiveer hulle seun sodat hy 'n wyse besluit kan neem.
- 8.9    Al hou hy van "partytjie"-universiteite, moet hy ook studeer.  
Al moet hy ook studeer, hou hy van "partytjie"-universiteite.
- 8.10   Die seun sal deur die pa met die lys van universiteite gehelp word.
- 8.11   Die seun met wie die pa praat, is in graad 12.
- 8.12   Vandag kyk hy weer noukeurig na die lys.

### **VRAAG 9                WOORDSTRUKTURE**

- 9.1    bekommerd
- 9.2    laggende
- 9.3    kinderdag
- 9.4    beteken
- 9.5    smiddae/smiddags
- 9.6    halfdrie
- 9.7    waardeer
- 9.8    hom
- 9.9    kwater
- 9.10   tagtig
- 9.11   verskoninkie
- 9.12   moontlikhede
- 9.13   dis
- 9.14   daarmee
- 9.15   halwe
- 9.16   skootrekenaar



**VRAAG 10                   KOMMUNIKASIE**

- 10.1 Ouers, ons lewe in gevaarlike tye en julle moet julle kinders van al die gevare daar buite bewus maak. Dwelms/alkohol/sosiale media/groepsdruk/boelies is 'n werklikheid en ons kinders moet weet hoe om dit te hanteer. 1 punt inhoud 1 punt taal
- 10.2 O my genade, ek moet dadelik met my kinders praat/my kinders gaan nooit weer uit nie. 1 punt inhoud 1 punt taal
- 10.3 Ag nee, die man weet nie waarvan hy praat nie. Waar kom hy aan al die nonsens? 1 punt inhoud 1 punt taal
- 10.4 Van watter planeet kom jy? Kinders moet soveel as moontlik eksperimenteer. 1 punt inhoud 1 punt taal
- 10.5 Hoera! Iemand wat weet waarvan hy praat. Geluk meneer, dit was die toespraak van die jaar. 1 punt inhoud 1 punt taal

**Totaal: 100 punte**